higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIENRIGLYN

NASIONALE SERTIFIKAAT

BYKOMSTIGHEDE N5

28 Mei 2021

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 8 bladsye.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1
1.1.1 G
1.1.2 E
1.1.3 A
1.1.4 H
1.1.5 D
1.1.6 J
1.1.7 I
1.1.8 B
1.1.9 F
1.1.10 C

(10 × 2) (20)

1.2 1.2.1 Kleurglas-bykomstighede, swaar houtsnywerk, klawer- en vierbladpatrone, swaar brokaat, tapisseries

1.2.2 Vroulike styl, geronde patrone, kleiner skaal – spieëls, mantelhorlosie, skerms

1.2.3 Delftse erdewerk, borde teen die muur, bykomstighede met windmeul- en klomp-patrone, klompe

1.2.4 Minimalistiese inspirasie – karig versier – foto's in swart en wit, abstrakte skilderye teen die mure, swewende rame – glas minimalisties met geen rame nie

1.2.5 Erdewerk, beeldhouwerk – marmeritems, borde met swart en rooi detail, muurskilderye, freskoskilderye

(5 × 3) (15)

1.3 1.3.1 Kunswerke wat nie skilderye is nie, groot of middelgroot beeldhouwerk, afdrukke of tekeninge – enigiets interessant en waardevol

1.3.2 'n Tekstielvorm wat gemaak word deur knooptegnieke (eerder as weef- of breitegnieke) te gebruik. Die primêre knope van macramé is die vierkantknoop ('n variant van die platknoop) en steekvorme: verskeie kombinasies van halfsteke.

1.3.3 Modelleerwerk is 'n toevoegingsproses, anders as snywerk, die ander vernaamste beeldhoutegniek, waarin dele van 'n harde materiaal weggesny word om vorm te ontbloot. Anders as met snywerk is korreksies moontlik met modellering, en die resultaat – vuurvaste klei of gepreserveerde waks – is nie so permanent soos klip- of houtsnywerk nie.

1.3.4 Dit was tradisioneel die proses waarin 'n sterk suur of bytstof gebruik is om in die onbeskermde dele van 'n metaaloppervlak te sny om 'n ontwerp in intaglio (ingesny) in die metaal te skep. In moderne vervaardiging kan ander chemikalieë op ander soorte materiaal gebruik word.

1.3.5 ’n Terrarium (meervoud: terraria of terrariums) is gewoonlik ’n verseëlbare glashouer wat grond en plante bevat, wat oopgemaak word om toegang tot die plante te verkry om dit te versorg. Terrariums kan egter ook oop wees, en nie verseël nie. Terrariums word dikwels as dekoratiewe items gebruik.

(5 × 3) (15)

TOTAAL AFDELING A: 50

AFDELING B

VRAAG 2

2.1 2.1.1 Gietyster is gewoonlik bros, met die uitsondering van smeebare gietyster. Met ’n redelike lae smeltpunt, goeie vloeibaarheid, gietbaarheid, uitstekende masjineerbaarheid en weerstand teen vervorming en slytasie is gietyster ’n konstruksiemateriaal wat in ’n groot verskeidenheid toepassings gebruik kan word, asook in pype, masjiene en motoronderdele, soos silinderkoppe (afnemende gebruik), silinderblokke en ratomhulsels (afnemende gebruik). Dit is bestand teen vernietiging en word deur oksidasie verswak. Die vroegste gietyster-artefakte dateer uit die 5de eeu. (5)

2.1.2 Geelkoper is ’n allooimetaal wat uit koper en sink bestaan. Die verhoudings van sink en koper kan wissel om verskillende soorte koperallooimetale te vorm, met wisselende meganiese en elektriese eienskappe. Dit is ’n vervangingsallooimetaal: atome van die twee samestellende metale kan mekaar in dieselfde kristalstruktuur vervang.

Hierteenoor is brons ’n allooimetaal wat uit koper en tin bestaan. Sowel brons as geelkoper kan klein gedeeltes van ’n verskeidenheid ander elemente bevat, insluitende arseen, lood, fosfor, aluminium, mangaan en silikon. Die onderskeid is hoofsaaklik histories. Moderne praktyk in museums en argeologie vermy toenemend albei terme vir historiese voorwerpe ten gunste van die meer omvattende ‘koperallooimetaal’.

Geelkoper word vir versiering gebruik weens die helder, goudagtige voorkoms daarvan; vir toepassings waar lae wrywing vereis word, soos slotte, ratte, laers, deurknoppe, ammunisie-omhulsels en kleppe; vir loodgieters- en elektriese toepassings; en in kopermusiekinstrumente soos horings en klokke, waar ’n kombinasie van hoë bewerkbaarheid (histories met handgereedskap) en duursaamheid gewens is. Dit word ook in ritssluiters gebruik. Geelkoper word dikwels in situasies gebruik waar dit belangrik is dat geen vonke veroorsaak word nie, soos in toebehore en gereedskap wat naby ontvlambare of plofbare materiale gebruik word. (5)

Kopiereg voorbehou

2.2 2.2.1 Mahonie is ’n kommersieel belangrike hout wat gewild is vir die mooi voorkoms, duursaamheid en kleur daarvan, en word vir paneelwerk en die vervaardiging van meubels, bote, musiekinstrumente en ander items gebruik. (5)

2.2.2 Meranti is ’n hout van wêreldwye kommersiële belang. As fineer word dit hoofsaaklik vir laaghout, laaghoutpaneelwerk, kabinette en holkern-deure gebruik. In houtvorm word meranti in ligte strukturele rame, lyswerk, belegsels en laekoste-meubels gebruik. (5)

2.3 2.3.1 Glas wat gebruik word om beeldjies te maak, bevat tot 49% lood om maksimum smeebaarheid te verkry. Indien kristal minder as 24% lood bevat, het dit ’n hoër verhouding bariumoksied, wat verseker dat die lig goed breek. Die verskil tussen glas en kristal kan met die blote oog gesien word. (5)

2.3.2 Die vernaamste verskil tussen erdewerk en porselein is dat erdewerk-eetgerei een doeltreffende oonddrogingsmetode teen dieselfde temperatuur het. ’n Spesifieke kleivorm word ook in erdewerk gebruik. Nog ’n belangrike verskil tussen die twee is dat erdewerk blou, en nie net wit nie, kan wees. ’n Mens kan ook skakerings van ryk satyn of swaelmetaal sien, benewens ander ontwerpe. Erdewerk word van klei gemaak wat teen ’n baie hoë temperatuur gebak word, wat dit baie sterker maak. Dit word teen temperature van tot 1 280 °C gebak en word glasagtig. Nadat dit gebak is, word dit robuus en kraakbestand.

Porselein word van verskillende materiale gemaak. Ligte klei, wat porseleinklei of kaolien genoem word, is die vernaamste bestanddeel. Verskillende stowwe soos veldspaat, graniet en glas word fyngemaal en met die klei gemeng. Die produk word teen ’n matige temperatuur gebak nadat genoeg water bygevoeg is. Daarna word dit geglasuur en teen ’n hoë temperatuur (ongeveer 1 260 °C) gebak.

Erdewerk verskil van porselein met betrekking tot die volgende:
- Kleur
- Baktegniek
- Sterk en duursaam, maar minder delikaat en verfyn
- Poreus en ondeursigtig
- Swaarder
- Afwerkings (5)

[30]

VRAAG 3

3.1 3.1.1 Kamerjashake, handdoekrelings, seephouer, seepbakkie, rakke vir berging, handdoeke, badmatjies, plankmatte

3.1.2 Potte, kruie, kussings vir meubels (sitplek en rug), waterfonteine, klippies

3.1.3 Strykplank, relings, hake, hangers, sny- en meettoerusting

3.1.4 Kinderbed-stootkussings, stoelkussings, duvets, komberse, slaapkussings, rakke, houers vir toiletware, speelgoed, naglig

3.1.5 Bedlampies, stoelkussings, duvets, slaapkussings, bedsprei, boontjiesakke

(5 × 5) (25)

3.2 3.2.1 Vleisskottels, lapservette, damastafeldoeke, brokaat-tafelkleed, stoeloortreksels, verskeie soorte breek- en eetware (in lae vir die verskillende gange), fyn steelglase, potte en panne en drinkglase. Helder kleure met detail in fraiings, tossels en metaalgaring. (10)

3.2.2 Bamboesmatte, eetstokkies, vierkantige borde en bakkies, sojasousbakkies, tafelkleed en servette in rooi en swart met draakpatrone of kalligrafie, fyn porseleinware met ryspatrone (10)

[45]

VRAAG 4

4.1 Tapisserie is ’n vorm van tekstielkuns, wat tradisioneel op ’n vertikale weefraam geweef is. Tapisserie is inslag-weefkuns, waarin al die kettingaring in die voltooide werk versteek word, anders as lap-weefkuns, waar sowel die kettinggaring as die inslaggaring sigbaar kan wees. In tapisserie-weefkuns is die inslaggaring tipies onderbroke; die handwerker vleg elke gekleurde inslaggaring heen en weer in sy eie klein patroonarea. Die inslaggaring van verskillende kleure word oor gedeeltes van die skering gewerk om die ontwerp te vorm.

Appliek is dekoratiewe naaldwerk waarin stukke lap in verskillende vorms en patrone op ’n groter stuk vasgewerk of geplak word om ’n prent of patroon te vorm. Dit word gewoonlik as versiering gebruik, veral op kledingstukke. Die tegniek word óf met die hand óf met ’n masjien uitgevoer. Appliek word gewoonlik met lap gedoen, maar die term kan ook gebruik word vir soortgelyke tegnieke wat op ander materiale toegepas word. In die konteks van keramiek is appliek byvoorbeeld ’n afsonderlike stuk klei wat by die primêre werk gevoeg word, gewoonlik vir versiering. (10)

4.2 ’n Pastel is ’n kunsmedium in die vorm van ’n stokkie, wat bestaan uit suiwer verpoeierde pigment en ’n bindmiddel. Die pigment wat in pastelle gebruik word, is dieselfde as dié wat gebruik word om alle gekleurde kunsmedia te vervaardig, insluitende olieverf; die bindmiddel is van ’n natuurlike kleur en het ’n lae versadigingspunt. Die kleureffekte van pastelle is nader aan die natuurlike droë pigmente as dié van enige ander proses.

Akwarelle wat met wateroplosbare kleurink in plaas van moderne waterkleure geverf word, word deur kundiges *aquarellum atramento* (Latyn vir ‘akwarel van ink gemaak’) genoem. Hierdie term word egter deesdae al hoe minder gebruik.

Die tradisionele en algemeenste materiaal waarop verf vir waterkleurskilderye aangewend word, is papier. Ander materiale sluit in papirus, baspapier, plastiek, velynpapier, leer, lap, hout en seil. Waterkleurpapier word dikwels heeltemal of gedeeltelik van katoen gemaak, wat ’n goeie tekstuur bied en verwringing wanneer dit nat is, verminder. Waterkleure is gewoonlik deurskynend en kom glimmend voor, want die pigmente word in ’n suiwer vorm neergelê met min vulstryksel wat die pigmentkleure vertroebel. Waterkleure kan ook ondeursigtig gemaak word deur sinkwit by te voeg. (10)

4.3 Wanneer kunstenaars oorspronklike afdrukwerk doen, maak hulle ’n drukplaat waarvan ’n afdruk gemaak word. Die plaat kopieer nie ’n kunswerk wat oorspronklik in ’n ander medium (’n olieverfskildery, akrielverfskildery, ens.) gemaak is nie. Dit is ’n unieke werk, wat slegs as ’n afdruk geskep word. Die stukke van die afdruk word deur die kunstenaar onderteken en genommer. (Let wel: Daar bestaan ook ‘mono-afdrukke’ – afdrukke wat deur ’n kunstenaar gemaak word en enig in hul soort is. Hierdie is net soos oorspronklike kunswerke, behalwe dat dit deur ’n drukproses gemaak word.)

As die drukplaat (deesdae kan plate fotografies gemaak word) ’n beeld wat kunstenaars oorspronklik gemaak het in ’n ander medium kopieer, met ander woorde afdruk, en die werke in die afdruk repliseer daardie beeld, is dit afdrukke selfs as die kunstenaars dit nommer en onderteken en selfs al maak hulle klein unieke krabbels met hul eie hand daarop, en selfs al noem die galery dit ‘oorspronklike kunswerke’. Hulle is baie minder waardevol as enige oorspronklike kunswerk wat deur kunstenaars gemaak word, ongeag die bohaai wat daaroor gemaak word. Dit is die area waar die meeste vals inligting en bedrog in die kunswêreld voorkom. ’n Nabootsing is ’n vervalsing van ’n oorspronklike kunswerk – ongeag die medium – met die doel om die indruk van ’n oorspronklike kunswerk te skep. (10)

Kopiereg voorbehou

4.4 Brons is die gewildste metaal vir gietmetaal-beeldhouwerk; 'n gietbrons-beeldhouwerk word gewoonlik bloot 'n 'brons' genoem. Dit kan gebruik word vir standbeelde, alleen of in groepe, reliëfs en beeldjies, asook bronselemente wat op ander voorwerpe soos meubels aangebring word. Dit word dikwels verguld om goudbrons te gee. Gewone bronsallooie het die ongewone en gewenste eienskap dat dit effens uitsit net voordat dit verhard, waardeur die kleinste details van 'n vorm gevul word. Wanneer die brons dan afkoel, krimp dit effens, wat dit makliker maak om dit uit die vorm te haal. Hul sterkte en rekbaarheid (gebrek aan bronsheid) is voordelig wanneer figure in aksie geskep moet word, veral wanneer dit met verskeie keramiek- of steenmateriale (soos 'n marmerstandbeeld) vergelyk word. Die waarde van brons vir gebruike buiten die maak van standbeelde is egter nadelig vir die bewaring van die standbeelde; min groot antieke bronsstandbeelde het behoue gebly.

Onder die algemeen beskikbare stene het slegs marmer 'n effens deurskynendheid, m.a.w. verstrooiing onder die oppervlak, wat met dié van die mens se vel vergelyk kan word. Dit is hierdie deurskynendheid wat 'n marmerstandbeeld 'n visuele diepte verder as die oppervlak gee en dit bied 'n sekere realisme wanneer dit vir figuratiewe werke gebruik word. Marmer het ook die voordeel dat dit, nadat dit uitgegrawe is, redelik sag is en maklik bewerk, geaffineer en gepoleer kan word. Namate die voltooide marmer verouder, word dit harder en duursamer. Voorkeur aan die goedkoper en minder deurskynende kalksteen is hoofsaaklik gegrond op die fynheid van marmer se are, wat die beeldhouer in staat stel om fyner detail te skep op 'n manier wat nie altyd met kalksteen moontlik is nie. Dit is ook meer weerbestand.

Marmer moet nie oormatig hanteer word nie, want dit absorbeer velolies wanneer dit aangeraak word, wat tot geelbruin vlekke lei. Alhoewel dit meer bestand as kalksteen is, is dit sensitief vir swak sure, en vaar dus nie goed in buitenshuise omgewings waar suurreën voorkom nie. Vir strawwe omgewings is graniet 'n duursamer materiaal, maar dit is baie moeiliker om daarmee te werk en dit is minder geskik vir verfynde werk. In vergelyking met metale soos brons het marmer 'n gebrek aan rekbaarheid en sterkte, wat spesiale strukturele oorwegings noodsaak wanneer 'n beeldhouwerk beplan word. (10)

4.5 Spieëlglas word van verskillende soorte onverwerkte stowwe gemaak, soos water, silikasand, soda-as, dolomiet, kalksteen, nefeliensiëniet en soutkoek. Spieëlglas is dik glas van goeie gehalte, en word tipies vir deure en winkelvensters gebruik. Dit word oorspronklik in plate gegiet. Mense verwys dikwels na enige soort venster wat nie gebrandskilder of dekoratief is nie as 'n spieëlglasvenster. In werklikheid is die meeste glasvensters glad nie spieëlglas nie – dit is gewoonlik dryfglas. Regte spieëlglas word deesdae selde gebruik.

Huishoudelike spieëls word kommersieel met die versilweringsmetode vervaardig. In hierdie proses word die agterkant van die plaat dryfglas (gewoonlik 4 tot 6 millimeter dik) met aluminium of silwer bedek. Hierdie metaallaag skep die weerkaatsing. Dit verhoed ook skade aan die teenoorgestelde (spieëlglas-) kant van die spieël. In nywerheidsvervaardiging word aluminium of 'n ander metaal tot kookpunt in 'n kamer verhit. 'n Glasplaat word dan in die kamer geplaas, waar atome van die metaal afkoel en daaraan heg. Die meeste spieëls word op die agterkant versilwer, en die silwer is sigbaar deur die glas. 'n Spieël wat aan die voorkant versilwer word, het 'n weerkaatsende oppervlak op die voorkant. (5)

[45]

VRAAG 5

5.1 *Studente se antwoorde moet verskeie details weerspieël wat in hierdie vak geleer is: kleurkombinasies, lapdetail, meubeldetail, gordyne, vloere en tapyte, bykomstighede en handwerk. Verskillende opsies is moontlik; nasieners moet na goeddunke nasien. EEN feit, EEN punt.* (10)

5.2 *Studente se antwoorde moet verskeie details weerspieël wat in hierdie vak geleer is: kleurkombinasies, lapdetail, meubeldetail, gordyne, vloere en tapyte, bykomstighede en handwerk. Verskillende opsies is moontlik; nasieners moet na goeddunke nasien. EEN feit, EEN punt.* (10)

5.3 *Studente se antwoorde moet verskeie details weerspieël wat in hierdie vak geleer is: kleurkombinasies, lapdetail, meubeldetail, gordyne, vloere en tapyte, bykomstighede en handwerk. Verskillende opsies is moontlik; nasieners moet na goeddunke nasien. EEN feit, EEN punt.* (10)

[30]

TOTAAL AFDELING B: 150
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou